

Geagte Nasorg Ouers

Welkom by De Hoop nasorg! Ons wil graag ‘n paar reëls en regulasies onder u aandag bring.

ALLE leerders MOET by die nasorg aanmeld aan die einde van die skooldag : Gr 1 en 2 om 13:00 en Gr 3 – 7 om 14:00. Maak asseblief seker dat u kind die belangrikheid hiervan besef. Ons het geen kontrole oor waar u kind is nie as hy/sy nie ingeteken is nie. **Indien u kind siek is of kom nie nasorg toe nie, moet u asseblief die nasorg in kennis stel**. As ‘n leerling sport doen, moet hul steeds eers aanmeld en die persoon in beheer in kennis stel waar hy/sy heen gaan. Ons sal ‘n getikte/geskrewe program van u kind se aktiwiteite waardeer, veral vir die junior leerlinge.

Huiswerk word gedoen onder streng toesig. Die huiswerk-juffrouens is in staat om u kind met huiswerk te help. Die nasorg neem egter geen verantwoordelikheid vir ‘n leerling se prestasies. Huiswerk begin om 13:15 vir Gr 1 en 2 en om 14:30 vir Gr 3 -7 . Een uur huiswerk is verpligtend vir alle Gr 4 – 7.

Alle Gr 4 – 7 leerlinge moet ‘n boek byderhand hê om hulself mee besig te hou indien hul huiswerk vroeër sou afhandel. Maak asb. seker dat u kind elke dag ‘n boek in sy/haar tas het!

Middagete is direk na skool vir leerlinge, met ‘n laatmiddag versnapering en koeldrank om 15:30. Die nasorg het ‘n snoepie, wat oop is na versnapering elke dag.

Ons sal swem op Vrydae-middae tussen 14:00 en 15:30 wanneer die weer dit toelaat. As u u kind wil vroeg oplaai, tref asseblief reëlings om hul by die swembad te ontmoet. Meisies moet ‘n vol kostuum dra, geen bikinis word toegelaat nie. Sonbrandroom en ‘n hoed is belangrik vir alle leerlinge. Swempette is verpligtind vir seuns en dogters.

Nasorg sluit om 18:00. ‘n Boete van R50 per 15 minute word gehef indien u laat sou wees.

Geen bakleiery, vloekery of onaanvaarbare gedrag sal by nasorg geduld nie. Nasorg personeel sal ooreenkomste straf uitdeel vir klein oortredings. ‘n Gedragskaart sal huis toe gestuur word, sou u kind hom/haar wangedra. Ouers sal ingeroep word indien daar ‘n ernstige probleem is. Ernstige oortredings mag tot skorsing lei.

Ons mikpunt is om ‘n veilige en liefdevolle omgewing te skep waar u kind gelukkig en gemaklik kan voel. Voel asseblief vry om met my te kom praat indien u enige vrae, kommentaar of klagtes het. As ‘n span kan ons die regte atmosfeer skep.

Vriendelike Groete
Cara Werneyer
076 740 8403